



Die Rietfluit



Familiebrief Mei 2002



'n Huldeblyk aan
Willem van Tonder 27-01-1936 - ✠ 05-05-2002

Na 30 jaar en 4 maande se verbindtenis aan die NG Gemeente Rietfontein-Suid, moes ons vir Willem totsiens sê want dit het die Almagtige Hemelse Vader behaag om van ons weg te neem 'n eggenoot vir Cathè, 'n vader vir Reinier, Stegmann en hul eggenotes, 'n grootvader, broer, ons vriend en orrelis!

Soos die begrafnisbrief dit kennelik gestel het: "Sy onverwagte heengaan laat 'n groot leemte in ons lewe. Die herinnering aan sy Godgegewe talent, liefdevolle geaardheid en godvrugtige voorbeeld sal altyd vir ons 'n bron van inspirasie wees."

Willem is op 10 Mei 2002 uit ons gemeente te ruste gelê, maar sy passie vir hierdie gemeente en sy mense, sy liefde vir die musiek, sy kore en die uitlewing van sy innige liefde vir ons Hemelse Vader sal ons bybly. Willem was nie net vir 30 jaar lojale orrelis van die gemeente nie, maar het werklik sy hart en siel gestort in die orrelspel, koorafrigting en begeleiding. Besoekers het al by soveel geleenthede gemeld dat hierdie 'n singende en juigende gemeente tot eer van God is en Willem se begeleiding in dieselfde asem genoem. Ons het sy besorgdheid oor Cathè gedeel en meegeleef in sy dankbare trots oor sy kinders – Willem was waarlik vriend!

Ds. Leon van Heerden se keuse van Deut.33:27 "Die ewige God is 'n skuilplek, sy arms is altyd onder jou", weerspieël Willem se vaste vertrouwe wat hy in God geopenbaar het. Sy vreugde en die tere verhouding met ons Here en Verlosser is verder verbeeld deur Lied 597 en 590 wat op hierdie dag werklik weer tot eer van God gesing is!

Vir Willem

'n Adagio bulder en weergalm -
versag dan plotseling in pianissimo (pp) en
die tempo verander na mo-de-ra-to.
Una corda, una corda; met gevoel swiep die
hande oor bekende note vir bekende klanke
luidkuils of aanbiddend tot God.
Dis Willem voor die orrel vir ons; vir
musiek; - vir God!



Tot wedersiens Willem, ons sal jou mis!!